

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Du Plessis v S (A267/11) [2011]

ZAWCHC 522 (11 November 2011)

[2011] ZAWCHC 522

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

Veldhuizen, Saba

CASE / FILE NUMBER

A267/11

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOE HOF. KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: A267/11

DATUM: 11 November 2011

In die saak tussen:

JAMES DU PLESSISAppellant

en

DIE STAATRespondent

UITSPRAAK VELDHUIZEN. R Die appellant in die Streekhof te Oudtshoorn skuldig bevind aan 'n oortreding van Artikel 31(1) van Wet 99 van 1998, deurdat hy versuim het om 'n onderhoudsbevel na te kom. Hy is tot ses maande tronkstraf gevonnissen. Die vonnis is vir vyf jaar opgeskort op voorwaarde dat hy die agterstallige onderhoud, wat R4 500 beloop het op of voor 29 November 2010 betaal en die bestaande bevel stiptelik nakom. Hy appelleer nou teen beide sy skuldigbevinding en vonnis. Dit was gemene saak dat daar "n onderhoudsbevel, wat die appellant

gelas het om R500 per maand vir sy minderjarige kind te betaal, bestaan het, en dat hy versuim het om dit na te kom en gevolglik R4 500 agterstallig was. Die appellant se verweer was dat hy werkloos was en geen inkomste verdien het nie. Nadat die klaagster getuig het, het die landdros die saak tot 'n latere datum uitgestel vir verdere ondersoek. Hy het die klaagster meegedeel dat sy weer die hof kan bywoon as sy wil "as u nie wil kom nie, u het klaar getuig, dan kan u g a a n." Op die uitsteldatum het die staatsaanklaer 'n verdere getuie geroep en daarna die staat se saak gesluit. Die appellant is egter nie die geleentheid gebied om die klaagster onder kruisondervraging te neem nie. Dit wil my voorkom asof daar weinig is wat hy sou kon gevra het

en asof enige ondervraging waarskynlik nie sy saak sou bevorder het nie. Die probleem is egter dat ek nie weet wat die appellant sou gedoen het indien hy die geleentheid tot kruisondervraging gebied is nie. Indien hy die geleentheid gebruik het dan weet ek ook nie wat dit sou opgelewer het nie. Die feit is dat die versuim om die appellant die geleentheid te bied om die klaagster te kruisondervra, wat klaarblyklik 'n oorsig was, 'n onreëlmagtheid daar stel wat my noop om die verrigtinge ter syde te stel. Bygevolg SLAAG DIE APPEL. die appellant se skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel en ek moet byvoeg, indien die Staat sou besluit om die appellant weer aan te kla, word gelas dat die appellant deur 'n ander landdros verhoor word. VELDHUIZEN, R Ek stem saam. SABA, WnR

UITSPRAAK

VELDHUIZEN. R

Die appellant in die Streekhof te Oudtshoorn skuldig bevind aan 'n oortreding van Artikel 31(1) van Wet 99 van 1998, deurdat hy versuim het om 'n onderhoudsbevel na te kom. Hy is tot ses maande tronkstraf gevonnis. Die vonnis is vir vyf jaar opgeskort op voorwaarde dat hy die agterstallige onderhoud, wat R4 500 beloop het op of voor 29 November 2010 betaal en die bestaande bevel stiptelik nakom.

Hy appelleer nou teen beide sy skuldigbevinding en vonnis. Dit was gemene saak dat daar "n onderhoudsbevel, wat die appellant

gelas het om R500 per maand vir sy minderjarige kind te betaal, bestaan het, en dat hy versuim het om dit na te kom en gevolglik R4 500 agterstallig was. Die appellant se verweer was dat hy werkloos was en geen inkomste verdien het nie. Nadat die klaagster getuig het, het die landdros die saak tot 'n latere datum uitgestel vir verdere ondersoek. Hy het die klaagster meegedeel dat sy weer die hof kan bywoon as sy wil "as u nie wil kom nie, u het klaar getuig, dan kan u g a a n."

Op die uitsteldatum het die staatsaanklaer 'n verdere getuie geroep en daarna die staat se saak gesluit. Die appellant is egter nie die geleentheid gebied om die klaagster onder kruisondervraging te neem nie. Dit wil my voorkom asof daar weinig is wat hy sou kon gevra het en asof enige ondervraging waarskynlik nie sy saak sou bevorder het nie. Die probleem is egter dat ek nie weet wat die appellant sou gedoen het indien hy die geleentheid tot kruisondervraging gebied is nie. Indien hy die geleentheid gebruik het dan weet ek ook nie wat dit sou opgelewer het nie. Die feit is dat die versuim om die appellant die geleentheid te bied om die klaagster te kruisondervra, wat klaarblyklik 'n oorsig was, 'n onreëlmagtheid daar stel wat my noop om die verrigtinge ter syde te stel.

Bygevolg SLAAG DIE APPEL. die appellant se skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel en ek moet byvoeg, indien die Staat sou besluit om die appellant weer aan te kla, word gelas dat die appellant deur 'n ander landdros verhoor word.

VELDHUIZEN, R

Ek stem saam.

SABA, WnR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2011/522.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/du-plessis-v-s-unknown-topic-awchc-2011>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria